
# 368 O Woord van heil




Wie nou, vermoeid en skuldbewus,
in Jesus glo, vind heil en rus;
en hy sal nie verlore gaan;
God neem hom uit genade aan.

Ja, hy wat glo, sal veilig wees,
hy hoef ook nie die dood te vrees;
want as hy in die Here sterf,
sal hy die lewe ewig erf.

o Liefdesmag, so wonderbaar;
dat God sy eie Seun nie spaar;
nou wag vir ons die Paradys -
God sy vir ewig dank en prys!

Martin Luther (1483-1546) M. Luther (1483-1546)